



word

Christen II

De waal Esterhuizen

word

Joh 13:33 My kinders, nog 'n klein tydjie is Ek by julle. Julle sal My soek, en soos Ek vir die Jode gesê het: Waar Ek heengaan, kan julle nie kom nie—so sê Ek nou ook vir julle.

**Joh 13:33 {AOV}**

word

Joh 13:34 'n Nuwe gebod  
gee Ek julle, dat julle mekaar  
moet liefhê; soos Ek julle  
liefgehad het, moet julle ook  
mekaar liefhê.

Joh 13:35 Hieraan sal almal  
weet dat julle my dissipels is,  
as julle liefde onder mekaar  
het.

**Joh 13:34-35 {AOV}**



word

Gaan dan heen, maak  
dissipels van al die nasies, en  
doop hulle in die Naam van  
die Vader en die Seun en die  
Heilige Gees; en leer hulle  
om alles te onderhou wat Ek  
julle beveel het.

**Matt 28:19 {AOV}**

word

‘n Mens hoor waarlik van hoerery onder julle, en hoerery van so ‘n aard as wat selfs onder die heidene nie bekend is nie: dat iemand die vrou van sy vader het. En tog is julle opgeblase in plaas dat julle liewer getreur het, sodat hy wat hierdie daad gedoen het, kan verwyder word onder julle uit.

**1 Kor 5:1-2 {AOV}**

word

om so iemand aan die Satan oor te lewer tot verderf van die vlees, sodat die gees gered kan word in die dag van die Here Jesus. Julle roem is nie mooi nie. Weet julle nie dat 'n bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak nie?

**1 Kor 5:5-6 {AOV}**



word

Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees—soos julle inderdaad ongesuurd is—want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus.  
**1 Kor 5:7 {AOV}**



word

Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid.

**1 Kor 5:8 {AOV}**

word

Ek het julle in my brief geskrywe om nie met hoereerders om te gaan nie— dit wil sê, nie die hoereerders van hierdie wêreld of die gierigaards of rowers of afgodedienaars in die algemeen nie, want dan sou julle uit die wêreld moet uitgaan—

**1 Kor 5:9-10 {AOV}**



word

maar nou skryf ek aan julle om nie om te gaan met iemand wat, al staan hy as 'n broeder bekend, 'n hoereerder is of 'n gierigaard of 'n afgodedienaar of 'n kwaadspreker of 'n dronkaard of 'n rower nie; met so iemand moet julle selfs nie saam eet nie.

**1 Kor 5:11 {AOV}**

word

Want waarom sou ek ook die  
wat buite is, oordeel?

Oordeel julle nie die wat  
binne is nie? Maar die wat  
buite is, oordeel God.

Verwyder tog dié slegte  
mens onder julle uit.

**1 Kor 5:12-13 {AOV}**